**Eugène Marais Stigting**

Eleanor dit is moeilik om te sê wie was regtig die eerste Afrikaanse digter. Volgens sommige bronne is die oudste bekende voorbeeld van 'n geskrewe Afrikaanse gedig is "Lied ter eere van de Swellendamsche en Diverse andere Helden bij de bloedige Actie aan Muizenberg in dato 7 Aug 1795."

Hierdie Lied van 1795 word as die eerste Afrikaanse gedig beskou, omdat die taal van die Swellendammers wat daarin nageboots word, baie soos Afrikaans lyk soos ons dit op die oomblik gebruik. Die digter spot met die rol wat die Swellendammers gespeel het om hulle land teen die Engelse te verdedig.

Die tweede stuk van belang is "Kaatjie Kekkelbek", geskryf deur Rex en Bain in 1835 .

Daar sou baie jare verloop voor ons weer 'n gedig in Afrikaans kry. In De Vriend van Bloemfontein tref ons vanaf 1859 'n paar rympies aan, maar hulle is eintlik meer Nederlands as Afrikaans. Na afloop van die Basoeto-oorlog van 1866 skryf HC van den Berg en PP Hugo 'n gedig van dertien sesreëlige strofes in byna suiwer Afrikaans. Dit het in De Vriend van 25 Mei 1866 verskyn: "Winternag", wat aan die einde van Junie 1905 of aan die begin van Julie 1905 in "Land en Volk" gepubliseer is word egter allerweë as dié eerste letterkundig betekenisvolle Afrikaanse gedig beskou.

In 'n tyd toe skeptici nog gedink het dat die Afrikaanse taal te "baar en agterlik" is om edel gedagtes te verwoord, sou Eugene Marais se "Winternag" die wind oortuigend uit hul seile ruk.

Bron: https://www.facebook.com/eugenenielenmarais/posts/eckard-potgieter-se-verwerking-van-winternag-winternag-is-die-debuut-enkelsnit-v/1565775936978296/